# :—: Koers :—:

TWEEMAADELIKSE TYDSKRIF

DEEL XIX FEBRUARIE—APRIL, 1952. No. 4.



DIREKSIE EN REDAKSIE.

**J. Chr. Coetzee (namens die P.U.-Raad), J. M. Hattingh, D. C. S. du Preez, H. G. Stoker, S. du Toit, H. Venter, D. J. Viljoen.**


# Redaksioneel.

Dit vervul die Redaksie met dankbaarheid dat hulle hierdie dubbele nummer aan die lesers kan aanbied. Ook **Koers** het 'n woord te spreek waar die beginsels waarmee die volksplanting hier begin is, ook sy beginsels is. 'n Poging is aangewend om die betekenis van hierdie beginsels vir al die lewensterreine vas te stel. Ongelukkig kon die Redaksie nie 'n skrywer vind om oor die ekonomiese aspek te handel nie, en weens siekte kon prof. F. J. Labuschagne nie sy bydrae oor ons taalerfenis lewer nie.

Ons is besonder dankbaar dat twee Nederlandse geleerdes so goed was om bydraes te lewer, nl. dr. A. A. van Schelven en dr. H. Smitskamp. Aan hierdie hooggeleerde here ons innige waardering.